(ii) mag 'n toelae kragtens die tariewe voorgeskryf by regulasie 15 (7) (bereken op 'n *pro rata*-basis vir 'n gedeelte van 'n dag) aan hom betaal word om toevallige uitgaaf te dek.

(b) Subparagraaf (a) van hierdie paragraaf is nie van toepassing in die geval waar 'n polisieman van polisieherberg gebruik maak nie, maar sy afwesigheid van sy hoofkwartier minder is as 24 uur; in sodanige geval is die bepalings van paragraaf (4) van hierdie regulasie van toepassing.

(8) (a) Wanneer die verblyf van 'n polisieman op 'n plek, tydens sy afwesigheid van sy hoofkwartier, onderbreek word deur diens op 'n ander plek, word betaling van verblyftoelae ten opsigte van die tydperk van sodanige onderbreking gestaak ten opsigte van sy verblyf op voormelde plek, tewete verblyftoelae sal nie meer as een keer betaal word ten opsigte van dieselfde tydperk van afwesigheid nie; met dien verstande dat aan 'n polisieman wat diens in verband met die Parlementsitting in Kaapstad verrig of tydelik met verplasing op 'n plek vertoef, noodwendig van Kaapstad of sodanige ander plek diens doen en hy betuig dat sy uitgaaf in verband met herberg in Kaapstad of sodanige ander plek voortgaan, normale verblyftoelae ten opsigte van sodanige tydperk van afwesigheid uit Kaapstad of sodanige plek betaal word, benewens sy verblyftoelae betaalbaar ten opsigte van sy verblyf in Kaapstad of sodanige plek.

(b) Benewens sy normale verblyftoelae mag aan 'n polisieman wat sy hoofkwartier besoek—

(i) verblyftoelae betaal word teen die toepaslike voorgeskrewe tarief ten opsigte van die tyd deur noodsaaklike ritte in beslag geneem; en

(ii) redelike uitgaaf werklik en noodwendig aangegaan vir herberg op sy hoofkwartier terugbetaal word indien hy verhoed word om van sy normale lewensreëlings gebruik te maak; die bedrag wat terugbetaal word, mag nie die bedrag wat aan hom as verblyftoelae betaalbaar sou wees vir die ooreenstemmende tydperk te bowe gaan nie, tensy die Kommissaris 'n hoër bedrag goedkeur, met inagneming van die voorwaardes uiteengesit in paragraaf (12) van hierdie regulasie. (Vir die doeleindes van hierdie paragraaf word beskou dat 'n polisieman nie van sy normale lewensreëlings gebruik maak nie as hy normaalweg in 'n hotel of losieshuis op sy hoofkwartier woon en gedurende die betrokke besoek ook in 'n hotel of losieshuis tuisgaan.)

(9) Aan 'n polisieman kan die bedrae wat hy aan boord skip aan hofmeestersfooie uitgegee het, terugbetaal word op grondslag wat deur die Tesourie op aanbeveling van die Staatsdienskommissie goedgekeur is.

(10) Geen verblyftoelae is betaalbaar aan 'n polisieman ten opsigte van 'n tydperk aan boord skip deurgebring en ook word geen uitgaaf aan ekstras of drank aan hom terugbetaal nie. Verblyftoelae mag aan 'n polisieman aan wie toestemming verleen is om per vliegtuig in amptelike diens te reis in die gebied wat Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Suid-Rhodesië en die Protektorate insluit, soos voorgeskryf in of by hierdie regulasies betaal word vir die tyd wat sodanige reis per vliegtuig in beslag neem; verblyftoelae is nie betaalbaar ten opsigte van ander reise per vliegtuig nie, maar redelike uitgaaf wat werklik en noodwendig aangegaan is vir herberg op sodanige reise mag aan 'n polisieman terugbetaal word.

(11) (a) Behoudens die bepalings van subparagraaf (b) van hierdie paragraaf mag daar gedurende tydperke van verlof nie aan 'n polisieman verblyftoelae betaal word nie tensy die magtiging van die Tesourie op aanbeveling van die Staatsdienskommissie verkry is.

(b) Verblyftoelae mag aan 'n polisieman betaal word ten opsigte van enige tydperk van siekteverlof wat nie 14 dae te bowe gaan nie met inbegrip van spesiale verlof toegestaan kragtens regulasie 59 (1) (a), mits die polisieman nie na sy hoofkwartier terugkeer nie.

(12) In cases where the prescribed allowance proves to be inadequate, a policeman may be refunded the difference between the amount payable as subsistence allowance in respect of the whole continuous period of his absence from his headquarters and the reasonable expenses actually and necessarily incurred by him on accommodation in respect of the relative period, on condition that—

- (a) the Commissioner is satisfied that the accommodation of which the policeman availed himself is commensurate with his status;
- (b) the relative claim is supported by receipts or other vouchers, or, where such are not available, a written statement;
- (c) items not normally covered by subsistence allowance such as liquor, newspapers, telephone calls, gratuities, laundering, etc., are excluded in calculating the amount to be refunded; and
- (d) amounts admitted in respect of the hire of bedding on a train are limited to the cost of a bedding ticket obtainable at ticket and reservation offices—the cost of luxury bedding and special mattress may not be allowed."

#### EXPENSES ON PERMANENT TRANSFER.

Regulation 17.—Delete the whole and substitute:—

"17. (1) *Definitions.*—In this regulation, unless inconsistent with the context—

'headquarters' means the city, town or place where the principal duties of a policeman are or have to be performed or which may be indicated to him as his headquarters by the Commissioner;

'household' means—

- (a) the wife of a policeman and a child (including an adopted child) who is permanently resident with and necessarily entirely dependent upon him;
- (b) a relative of a policeman who is permanently resident with and necessarily dependent upon him and whose own income does not exceed the maximum amounts laid down in terms of paragraph (a) in the case of a European or in the case of a non-European, irrespective of race, paragraph (b) of subsection (1) of section six of the Old Age Pensions Act, 1928 (Act No. 22 of 1928), as amended, or any increase thereof; and
- (c) not more than two domestic servants employed in a whole-time capacity by a European policeman;

'month' means a period extending from a date in one month to the date preceding the corresponding date in the following month, both dates included; this principle is also applied in the determination of any period expressed in months;

'personal effects' means the movable property of a policeman or that of his household including vehicles but excluding livestock.

(2) (a) Subject to the provisions of this regulation a policeman may be transferred and his household and personal effects moved at state expense from one headquarters to another, within the Union and South West Africa; provided the approval of the Commissioner has been obtained. The Commissioner may delegate his power under this regulation to any other officer or officers.

(b) Notwithstanding anything to the contrary contained herein, a policeman transferred from one station to another at his own request or is or has been found guilty of an offence and is transferred to another station as a disciplinary measure, shall, if the Commissioner so directs, be required to bear all expenses in connection with his transfer, including the cost of moving a successor to replace him.

(12) Waar die voorgeskrewe toelae onvoldoende blyk te wees, mag die verskil tussen die bedrag betaalbaar as verblyftoelae ten opsigte van die hele deurlopende tydperk van sy afwesigheid van sy hoofkwartier en die redelike uitgaaf werklik en noodwendig deur hom aangegaan vir herberg ten opsigte van die betrokke tydperk, aan 'n polisieman terugbetaal word op voorwaarde dat—

- (a) die Kommissaris oortuig daarvan is dat die herberg waarvan die polisieman gebruik gemaak het, gelykstaan met sy status;
- (b) die betrokke eis gesteun word deur kwitansies of ander bewyse, of, waar dit nie beskikbaar is nie, 'n geskrewe verklaring;
- (c) items wat normaalweg nie deur verblyftoelae gedek word nie soos drank, koerante, telefoonoprope, foonitjies, wasgoed, ens., nie ingesluit word by die bedrag wat terugbetaal moet word nie;
- (d) bedrae toegelaat ten opsigte van die huur van beddegoed op 'n trein beperk is tot die koste van die beddegoedkaartjie verkrygbaar by kaartjies- en besprekingskantore—die koste van weeldebeddegoed en spesiale matras mag nie toegelaat word nie."

#### ONKOSTE BY PERMANENTE VERPLASING.

Regulasie 17.—Skrap in die geheel en vervang dit deur die volgende:—

"17. (1) *Woordomskrywing.*—In hierdie regulasie, tensy dit met die samehang teenstrydig is, beteken—  
'hoofkwartier' die stad, dorp of plek waar 'n polisieman sy vernaamste werk verrig of moet verrig of wat deur die Kommissaris as sy hoofkwartier aangewys is;

'huishouding'—

- (a) die vrou van 'n polisieman en 'n kind (insluitende 'n aangenome kind) wat permanent by hom inwoon en noodsaaklikerwys geheel en al van hom afhanklik is;
- (b) 'n familielid van 'n polisieman wat permanent by hom inwoon en noodsaaklikerwys van hom afhanklik is en wie se eie inkomste nie die maksimum bedrae wat voorgeskryf is kragtens paragraaf (a) in die geval van 'n blanke, of in die geval van 'n nie-blanke, ongeag sy ras, paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel ses van die Ouderdomspensioenwet, 1928 (Wet No. 22 van 1928), soos gewysig, of 'n verhoging daarvan oorskry nie; en
- (c) nie meer as twee huisbediendes wat in 'n voltydse hoedanigheid by 'n blanke polisieman in diens is nie;

'maand' 'n tydperk wat vanaf 'n datum in een maand tot die datum onmiddellik voor die ooreenstemmende datum in die volgende maand strek, albei datums inbegrepe; hierdie beginsel word ook toegepas by die vasstelling van 'n tydperk wat in maande uitgedruk word;

'persoonlike besittings' die roerende goed van 'n polisieman en van sy huishouding, met inbegrip van voertuie, maar nie lewende hawe nie.

(2) (a) Behoudens die bepalings van hierdie regulasie, kan 'n polisieman verplaas word en sy huishouding en persoonlike besittings op staatskoste vervoer word van een hoofkwartier na 'n ander binne die Unie en Suidwes-Afrika; met dien verstande dat die Kommissaris se goedkeuring verkry is. Die Kommissaris kan sy bevoegdheid kragtens hierdie regulasie aan 'n ander offisier of offisiere oordra.

(b) Ondanks strydige bepalings hierin vervat, moet 'n polisieman wat op eie versoek van een stasie na 'n ander verplaas word of aan 'n oortreding skuldig bevind is of bevind word en as 'n tugmaatreeël na 'n ander stasie verplaas word, self al die koste in verband met sy verplasing dra, asook die koste om 'n plaasvervanger in sy plek te stel, indien die Kommissaris dit gelas.



(3) A policeman who is permanently transferred in terms of sub-paragraph (a) of paragraph (2) of this regulation shall be regarded as travelling on official duty and shall be—

(a) granted the privileges provided for in this regulation and in regulation 18;

(b) paid subsistence allowance in accordance with regulation 16.

(4) The following provisions shall be applicable to the removal from one headquarters to another of the household and personal effects of a policeman transferred in terms of sub-paragraph (a) of paragraph (2) of this regulation:—

(a) The policeman may be paid subsistence allowance and additional subsistence allowance, at the full rate applicable to himself, in respect of each member of his household over 12 years of age and at half that rate for each other member during periods necessarily spent in travelling from one headquarters to another, except in regard to a domestic servant in respect of whom reasonable expenses actually and necessarily incurred on subsistence may be paid;

(b) (i) a member of the household other than a servant, may travel in the same class on the railways as that to which the transferred policeman is entitled;

(ii) a European or Coloured servant may travel in the second class and an Indian or a Native servant in the third class on the railways; a nurse in charge of a baby in arms may, however, travel in the same class as the policeman's household;

(c) (i) excess luggage not exceeding 450 lbs. in weight (gross) may be transported by passenger train;

(ii) personal effects not exceeding 14,000 lbs. in weight (gross) may be conveyed by goods train or the South African Railways Road Motor Service or other public conveyance or government-owned transport from one headquarters to another and from dwelling to the railway station and *vice versa* and to and from a warehouse if warehousing of the personal effects has been authorised in terms of sub-paragraph (e) of this paragraph—(The weight stipulated is inclusive of the weight of vehicles, but exclusive of the weight of an animal maintained for official purposes; such animal may be transported at state expense over and above the provisions made for personal effects. The Commissioner may authorise the transport of personal effects by means of conveyance other than that administered by the South African Railways, a public conveyance or government-owned transport if conveyance by these latter means of transport is impracticable or less economical);

(d) the cost of packing (including packing material) and unpacking of personal effects within the weight limit specified in sub-paragraph (ii) of sub-paragraph (c) of this paragraph may be met from public funds;

(e) subject to approval by the Commissioner a policeman's personal effects, within the weight limit specified in sub-paragraph (ii) of sub-paragraph (c) of this paragraph, may in exceptional circumstances be warehoused at State expense for a period not exceeding six months;

(3) In die geval van 'n polisieman wat permanent verplaas word kragtens subparagraaf (a) van paragraaf (2) van hierdie regulasie, word geag dat hy in amptelike diens reis en aan hom word—

(a) die voorregte voorgeskryf in hierdie regulasie en in regulasie 18 toegeken;

(b) verblyftoelae kragtens regulasie 16 betaal.

(4) Onderstaande voorwaardes is van toepassing op die vervoer van een hoofkwartier na 'n ander van die huishouding en die persoonlike besittings van 'n polisieman wat kragtens subparagraaf (a) van paragraaf (2) van hierdie regulasie verplaas is:—

(a) aan die polisieman kan verblyftoelae en 'n addisionele verblyftoelae, teen die volle tarief wat op homself van toepassing is, betaal word ten opsigte van elke lid van sy huishouding wat oor die ouderdom van 12 jaar is, en teen die helfte van sodanige tarief ten opsigte van elke ander lid vir die tydperke wat die reis van een hoofkwartier na 'n ander noodwendig in beslag neem, maar uitgesonderd die geval van 'n huisbediende ten opsigte van wie redelike bestaansuitgawes wat werklik en noodwendig aangegaan is, betaal kan word;

(b) (i) 'n lid van die huishouding, uitgesonderd 'n bediende, kan in dieselfde klas op die spoorweë reis as dié waarop die polisieman geregtig is;

(ii) 'n Blanke of Kleurlingbediende kan tweede-klas en 'n Indiër of Naturellebediende derdeklas op die spoorweë reis; 'n kinderoppasser wat toesig oor 'n suigeling moet hou, kan egter in dieselfde klas as die polisieman se huishouding reis;

(c) (i) oorgewigbagasie tot hoogstens 450 lb. bruto gewig kan per passasierstrein vervoer word;

(ii) persoonlike besittings tot hoogstens 14,000 lb. bruto gewig kan met 'n goedertrein of die padmotordiens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë of 'n ander openbare vervoermiddel of regeringsvervoermiddel, van een hoofkwartier na 'n ander en van die woning na die spoorwegstasie, en omgekeerd, en na en van 'n pakhuis, as opberging van die persoonlike besittings kragtens subparagraaf (e) van hierdie paragraaf gemagtig is, vervoer word. Die voorgeskrewe gewig sluit die gewig van voertuie in, maar nie die gewig van 'n dier wat vir amptelike doeleindes aangehou word nie; so 'n dier kan op Staatskoste benewens die voorsiening wat vir persoonlike besittings gemaak word, vervoer word. Indien die vervoer van persoonlike besittings deur 'n vervoermiddel wat onder die beheer van die Suid-Afrikaanse Spoorweë staan of deur 'n openbare vervoermiddel of deur 'n regeringsvervoermiddel, ondoenlik of duurder is as in die geval van 'n ander vervoermiddel, kan die gebruik van laasgenoemde deur die Kommissaris gemagtig word;

(d) die verpakkingskoste (insluitende die koste van verpakkingsmateriaal) en uitpakkingskoste van persoonlike besittings binne die gewigsbeperking voorgeskryf in subparagraaf (ii) van subparagraaf (c) van hierdie paragraaf, kan uit staatsfondse bestry word;

(e) behoudens goedkeuring deur die Kommissaris, kan 'n polisieman se persoonlike besittings, binne die gewigsbeperking voorgeskryf in subparagraaf (ii) van subparagraaf (c) van hierdie paragraaf, in uitsonderlike gevalle vir 'n tydperk van hoogstens ses maande op staatskoste opgeberg word;



- (f) subject to, such limitations and conditions as may be approved by the Treasury, the following items of expenditure may be met from public funds:—
- (i) Cost of repairs to or replacement of personal effects damaged in transit;
  - (ii) cost of disconnecting and connecting and altering electrical domestic appliances; and
  - (iii) cost involved in purchasing essential school books for a child or other dependant;
- (g) when a European policeman who has maintained a house or a flat wholly or partly furnished by himself at or in the vicinity of the headquarters from where he is transferred, removes his personal effects, inclusive of furniture, to a house or a flat or a place of storage at or in the vicinity of the headquarters to which he is transferred, or where a European policeman removes his personal effects, inclusive of furniture, from a place of storage at or in the vicinity of the headquarters from where he is transferred to a house or a flat at or in the vicinity of the headquarters to which he is transferred, he may be paid an amount of £20 in respect of depreciation of personal effects and to meet expenses arising from transfer, other than those for which provision is made elsewhere in these regulations; provided that the Commissioner may, in his discretion, authorise the payment of a lesser amount, if he considers that circumstances do not justify payment of an amount of £20.
- (5) A policeman transferred in terms of sub-paragraph (a) of paragraph (2) of this regulation may be refunded—
- (a) the amount actually and necessarily expended on rent or board and lodging and servants' wages at his original headquarters and forfeited in consequence of short notice of transfer; provided expenditure on rent or board and lodging and servants' wages is concurrently incurred at the headquarters to which the policeman is transferred;
  - (b) the difference between normal living expenses comprising rent, rates, light, fuel, food and servants' wages and the abnormal expenses actually and necessarily incurred by a policeman at his old headquarters or his new headquarters, or both, through being compelled to reside in a hotel or boarding-house while his furniture and effects are being packed or unpacked or are in the course of transit from one headquarters to the other or while he is in search of a house or a flat; provided that no claim shall be entertained in respect of abnormal living expenses for a period in excess of seven days at the old headquarters and one month at the new headquarters;
  - (c) expenditure necessarily incurred as a result of his transfer on the re-registration of one privately-owned motor vehicle;
  - (d) expenditure necessarily incurred as a result of his transfer in the replacement of number plates in respect of one privately-owned motor vehicle subject to a maximum amount of £1 per set of number plates;
  - (e) telephone rental on a *pro rata* basis in respect of the period during which he is unable to use the telephone as a result of his transfer.
- (f) behoudens sodanige beperkings en voorwaardes as wat deur die Tesourie goedgekeur mag word, kan die volgende uitgawes uit staatsgelde bestry word—
- (i) koste van herstel of vervanging van persoonlike besittings wat in transito beskadig is;
  - (ii) koste van ontkoppeling en aankoppeling en verandering van elektriese huishoudelike benodighede; en
  - (iii) koste verbonde aan die aankoop van noodsaaklike skoolboeke vir 'n kind of ander afhanklike;
- (g) as 'n blanke polisieman wat 'n huis of woonstel wat hyself ten volle of ten dele gemeubileer het by of in die omgewing van die hoofkwartier waarvandaan hy verplaas word, bewoon het, sy persoonlike besittings, insluitende sy meubels, na 'n huis of woonstel of opbergingsplek by of in die omgewing van die hoofkwartier waarheen hy verplaas word, verskuif, of as 'n blanke polisieman sy persoonlike besittings, insluitende sy meubels, van 'n opbergingsplek by of in die omgewing van die hoofkwartier waarvandaan hy verplaas word, na 'n huis of woonstel by of in die omgewing van die hoofkwartier waarheen hy verplaas word, verskuif, kan aan hom 'n bedrag van £20 ten opsigte van waardevermindering van persoonlike besittings en ter bestryding van uitgawes wat uit sy verplasing voortspruit, uitgesonderd dié waarvoor elders in hierdie regulasies voorsiening gemaak is, uitbetaal word; met dien verstande dat die Kommissaris na goëddunke magtiging tot die betaling van 'n kleiner bedrag kan verleen indien die omstandighede na sy mening nie die betaling van £20 regverdig nie.
- (5) Aan 'n polisieman wat kragtens subparagraaf (a) van paragraaf (2) van hierdie regulasie verplaas is, kan die volgende terugbetaal word:—
- (a) die bedrag wat werklik en noodwendig aan huur of losies en inwoning en bediendeloon by die oorspronklike hoofkwartier uitgegee en verbeur is weens kort kennisgewing van verplasing, mits daar ook uitgawes aan huur of losies en inwoning en bediendeloon by die hoofkwartier waarheen die polisieman verplaas is, gelyktydig aangegaan word;
  - (b) die verskil tussen die normale bestaansuitgawes bestaande uit huur, belasting, ligte, brandstof, voedsel en bediendeloon en die abnormale uitgawes werklik en noodsaaklik aangegaan deur 'n polisieman by sy ou hoofkwartier of sy nuwe hoofkwartier of albei, deurdat hy verplig is om in 'n hotel of losieshuis tuis te gaan terwyl sy meubels en besittings ingepak of uitgepak of van een hoofkwartier na die ander vervoer word, of terwyl hy op soek na 'n huis of woonstel is; met dien verstande dat geen eis vir abnormale bestaansuitgawes ten opsigte van 'n tydperk van langer as sewe dae by die ou hoofkwartier en een maand by die nuwe hoofkwartier oorweeg kan word nie;
  - (c) uitgawes wat noodwendig as gevolg van sy verplasing aangegaan is in verband met die herregistrasie van een private motorvoertuig;
  - (d) uitgawes wat noodwendig as gevolg van sy verplasing aangegaan is in verband met die vervanging van nommerplate ten opsigte van een private motorvoertuig onderworpe aan 'n maksimum bedrag van £1 per stel nommerplate;
  - (e) telefoonhuur op 'n *pro-rata*-grondslag ten opsigte van die tydperk wat hy, as gevolg van sy verplasing, nie die telefoon kan gebruik nie.

(6) (a) Written tenders shall be obtained from local firms or tradesmen for the packing and unpacking and loading and unloading of personal effects, and the lowest tender shall be accepted; provided that the Commissioner may authorise the acceptance of a higher tender if he is satisfied that there are adequate reasons for the non-acceptance of the lowest tender.

(b) Packing material paid for from public funds shall be handed over to the Department of Public Works: If that department indicates that the material is not required by it, it should be sold by public auction or sold to the policeman concerned or to another person at a price decided upon by the Commissioner.

(c) The conveyance of a motor vehicle at State expense is subject to the conditions:—

(i) that no liability shall devolve upon the Department for loss of or damage to a motor vehicle in transit; and

(ii) that it be transported by goods train at a rate which has been approved by the Treasury, and that all incidental expenses connected with the trucking of the vehicle be met by the policeman concerned.

(7) The benefits prescribed in paragraphs (4) and (5) of this regulation shall only apply if the policeman transfers his household and personal effects within one month from the date on which his transfer takes effect unless prior to the expiry of this period he shall have obtained permission to defer the removal of his household or his personal effects, which permission may be granted by the Commissioner subject to the condition that the expenditure ultimately to be met from public funds does not exceed that which would have been incurred had the said household and personal effects been moved within one month from the date of the policeman's transfer."

#### OFFICIAL TRAVELLING AND TRANSPORT.

**Regulation 18.**—Delete the whole and substitute:—

"18. (1) *Definitions.*—In this regulation, unless inconsistent with the context—

'headquarters' means the city, town or place where the principal duties of a policeman are or have to be performed or which may be indicated to him as his headquarters by the Commissioner;

'Protectorates' means the Protectorates of Swaziland, Bechuanaland and Basutoland.

(2) (a) All official journeys shall be approved by the Commissioner who shall ensure that they are necessary and in the interests of the department and performed as economically as possible. The Commissioner may delegate his powers under this regulation to any other policeman.

(b) A policeman shall travel by the most economical means, as expeditiously as circumstances permit, and, subject to the provisions of paragraph (4) of this regulation, by the shortest route.

(c) The reason for any non-observance of the requirements of sub-paragraph (a) of this paragraph shall be explained by the policeman concerned in writing and the explanation attached to the form referred to in the paragraph (6) of this regulation.

(d) If a policeman has travelled in a manner involving greater expenditure on transport than was necessary, the Commissioner shall limit the amount payable to him in reimbursement of his travelling costs, to what it would have cost had he observed the requirements of sub-paragraph (a) of this paragraph; and if he has so travelled on a government warrant or order or by means of government transport, he shall refund the expenditure unnecessarily incurred.

(3) Subject to the provisions of this regulation a policeman required to travel on duty shall be reimbursed the cost of conveying himself and his necessary personal luggage, and all reasonable expenditure

(6) (a) Skriftelike tenders moet van plaaslike firmas of werkliede verkry word vir die verpakking en uitpakking en laai en aflaa van persoonlike besittings, en dié laagste tender moet aangeneem word; met dien verstande dat die Kommissaris die aanneem van 'n hoër tender kan magtig as hy oortuig is dat daar voldoende redes vir die verwerping van die laagste tender is.

(b) Verpakkingsmateriaal waarvoor uit staatsfondse betaal is, moet aan die Departement van Publieke Werke oorhandig word; as daardie departement te kenne gee dat hy nie die materiaal nodig het nie moet dit per openbare veiling verkoop word of aan die betrokke polisieman of iemand anders verkoop word teen 'n prys waarvoor die Kommissaris besluit.

(c) Die vervoer van 'n motorvoertuig op staatskoste is onderworpe aan die voorwaardes—

(i) dat die Departement geen aanspreeklikheid aanvaar vir die verlies van of skade aan die motorvoertuig tydens die vervoer daarvan nie;

(ii) dat dit per goederetrein vervoer word teen 'n tarief deur die Tesourie goedgekeur en dat alle bykomstige uitgawes verbonde aan die laai van die voertuig in 'n trok deur die polisieman gedra word.

(7) Die voordele voorgeskryf in paragrawe (4) en (5) van hierdie regulasie is alleen van toepassing as die polisieman sy huishouding en persoonlike besittings binne een maand vanaf die datum waarop sy verplasing van krag word, oorplaas, tensy hy voor die verstryking van hierdie tydperk toestemming vir die uitstel van oorplasing van sy huishouding of persoonlike besittings verkry het; sodanige toestemming kan deur die Kommissaris verleen word op voorwaarde dat die uitgaaf wat uiteindelik uit staatsfondse gedek moet word, nie dié oorskry wat aangegaan sou gewees het as die bedoelde huishouding en persoonlike besittings binne een maand vanaf die polisieman se verplasing vervoer was nie."

#### AMPTELIKE REISE EN VERVOER.

**Regulasie 18.**—Skrap in die geheel en vervang dit deur die volgende:—

"18. (1) *Woordomskrifings.*—In hierdie regulasie, tensy dit met die samehang teenstrydig is, beteken—

'hoofkwartier', die stad, dorp of plek waar 'n polisieman sy vernaamste werk verrig of moet verrig of wat deur die Kommissaris as sy hoofkwartier aangewys is;

'protektorate', die protektorate Swaziland, Betsjoeanaland en Basoetoland.

(2) (a) Alle amptelike reise moet deur die Kommissaris goedgekeur word wat sorg moet dra dat hulle noodsaaklik en in belang van die departement is en so ekonomies moontlik afgelê word. Die Kommissaris kan sy bevoegdheid kragtens hierdie regulasie aan 'n ander polisieman oordra.

(b) 'n Polisieman moet met die mees ekonomiese middele, met so min versuim as wat omstandighede toelaat, en, behoudens die bepalings van paragraaf (4) van hierdie regulasie, met die kortste roete reis.

(c) Die rede vir die nie-nakoming van die vereistes van subparagraaf (a) van hierdie paragraaf moet skriftelik deur die betrokke polisieman verstrekk word en die uitleg moet aan die vorm wat in paragraaf (6) genoem word, geheg word.

(d) Indien 'n polisieman op 'n wyse gereis het wat groter vervoeruitgawes meebring as wat nodig was, moet die Kommissaris die bedrag wat ter vereffening van sy reiskoste aan hom betaalbaar is beperk tot wat dit sou gekos het as hy die vereistes van subparagraaf (a) van hierdie paragraaf nagekom het, en as hy aldus op 'n regeringsorder of met 'n regeringsvervoermiddel gereis het, moet hy die uitgawes wat onnodig aangegaan is, terugbetaal.

(3) Behoudens die bepalings van hierdie regulasie, moet aan 'n polisieman van wie vereis word dat hy in diens moet reis, die onkoste verbonde aan die vervoer van homself en sy noodsaaklike persoonlike bagasie,

actually and necessarily incurred in connection with taxi hire (where government or contract transport is not available), portage, boat hire, landing or shipping fees and other incidental services.

(4) (a) *For journeys in the Union and South West Africa.*—A policeman required to travel on duty in the Union and South West Africa shall perform his journey by departmental transport, train or railway road motor service (including luxury bus where such service operates and is more economical). If the journey cannot be performed by departmental transport, train or railway road motor service, the policeman shall travel by means of the cheapest public transport available. No official journey shall be performed by aeroplane unless the prior approval of the Treasury has been obtained; provided that the Commissioner himself may at his sole discretion travel by aeroplane if the public interest will be better served thereby.

(b) *For Journeys Outside the Union and South West Africa.*—Subject to the provisions of paragraph 2 of this regulation official journeys to, from and between places outside the Union and South West Africa shall be undertaken by the cheapest means of public transport available, including transport by aeroplane.

(c) *When Public Transport is not Available or Its Use Impracticable.*—If a policeman is required to travel on duty, and public or government transport is not available or its use impracticable, he shall make the best and most economical arrangements for the hire of the necessary transport.

(d) *Use of Privately-owned Motor Transport.*—In exceptional cases the Commissioner may authorise a policeman to perform an official journey by means of privately-owned transport if he is satisfied that the public interests will be better served, whether or not it is possible to perform the journey by means of Government or public transport.

(5) Policemen authorised to travel at State expense may travel in the classes indicated hereunder:—

(a) *By train.*—In the Union, South West Africa, the Protectorates, Northern and Southern Rhodesia and Mozambique:—

- (i) Commissioned officers, Head Constables, European first and second class sergeants: First class.
- (ii) European constables: Second class.
- (iii) All non-European policemen (irrespective of rank): Second class.
- (iv) Notwithstanding the provisions of subparagraph (i) of this paragraph, the Commissioner may, at his sole discretion, use any train service provided by the South African Railways when travelling on duty. When travelling on duty which entitles the Commissioner to take his family with him at State expense, his wife and dependant children, but no other members of his household, may use the same train service as he does and whether or not the wife and children are accompanied by him; provided that if the children travel unaccompanied by either of the parents the expenditure on rail fares to be met from public funds shall be limited to that which would have been incurred had they used a train service in respect of which no surcharge on rail fares applies.

(b) In countries or territories other than those indicated in subparagraph (a) of this paragraph:—

In the class considered by the Commissioner to be in keeping with the policeman's status with due regard to the class by which persons, having a comparable status, travel in the country or territory concerned.

asook alle redelike uitgawes wat werklik en noodwendig in verband met huurmotors (waar regerings- of kontrakvervoer nie beskikbaar is nie), kruiersloon, boothuur, inskeping en ontskeping en ander bykomende dienste aangegaan is, terugbetaal word.

(4) (a) *Vir reise in die Unie en Suidwes-Afrika.*—'n Polisieman van wie geverg word dat hy in die Unie en Suidwes-Afrika in diens moet reis, moet sy reis per departementele vervoer, trein of spoorwegbus (insluitende 'n luuksebus waar so 'n diens bestaan en dit meer ekonomies is) aflê. Indien die reis nie per departementele vervoer, trein of spoorwegbus afgelê kan word nie, moet die polisieman per goedkoopste beskikbare openbare vervoer reis. Geen amptelike reis mag per vliegtuig afgelê word nie tensy die goedkeuring van die Tesourie vooraf verkry is; met dien verstande dat die Kommissaris self na goëddunke per vliegtuig kan reis as die openbare belang beter daardeur bevorder sal word.

(b) *Vir reise buite die Unie en Suidwes-Afrika.*—Behoudens die bepalings van paragraaf (2) van hierdie regulasie, moet amptelike reise na, van en tussen plekke buite die Unie en Suidwes-Afrika met die goedkoopste beskikbare openbare vervoermiddel, insluitende vervoer per vliegtuig, onderneem word.

(c) *As openbare vervoer nie beskikbaar is nie of die gebruik daarvan onprakties is.*—Indien van 'n polisieman geverg word dat hy in diens moet reis en openbare of regeringsvervoermiddel nie beskikbaar is nie of die gebruik daarvan onprakties is, moet hy die beste en mees ekonomiese reëlings vir die huur van die nodige vervoer tref.

(d) *Gebruik van private motorvervoer.*—In 'n buitengewone geval kan die Kommissaris 'n polisieman magtig om 'n amptelike reis met private vervoer af te lê as hy oortuig is dat die openbare belang beter daardeur bevorder sal word, ongeag of dit moontlik is om die reis met regerings- of openbare vervoer af te lê.

(5) Polisiemanne wat gemagtig is om op staatskoste te reis, kan in die hieronder aangeduide klasse reis:—

(a) *Per trein.*—In die Unie, Suidwes-Afrika, die Protektorate, Noord- en Suid-Rhodesië en Mosambiek:—

- (i) Offisiere, hoofkonstabels, blanke eerste- en tweedeklassersante: Eersteklas.
- (ii) Blanke konstabels: Tweedeklas.
- (iii) Alle nie-blanke polisiemanne (ongecag hul rang): Tweedeklas.
- (iv) Ondanks die bepalings van subparagraaf (i) van hierdie paragraaf kan die Kommissaris, na eie goëddunke, gebruik maak van enige treindiens wat deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë verskaf word, wanneer hy in diens reis. Wanneer hy in diens reis en geregtig is om sy gesin op staatskoste mee te neem, kan sy vrou en afhanklike kinders, maar geen ander lede van sy huishouding nie, van dieselfde treindiens as hy gebruik maak ongeag of die vrou en kinders deur hom vergesel word; met dien verstande dat as die kinders deur geeneen van die ouers vergesel word nie, die koste aan reisgeld wat uit staatsgelde betaal mag word beperk moet word tot wat dit sou gewees het as hulle 'n treindiens gebruik het ten opsigte waarvan geen toeslag op reisgeriewe geld nie.

(b) In ander lande of gebiede as dié wat in subparagraaf (a) van hierdie paragraaf aangedui word:—

In die klas wat volgens die oordeel van die Kommissaris by die polisieman se status pas, met volle inagneming van die klas waarin persone met vergelykbare status in die betrokke land of gebied reis.

(c) *By boat:—**European policeman.*

(i) Officers and head constables: First class.

(ii) Sergeants and constables: Second class.

(d) If accommodation in a class on a boat is divided into various grades, the policeman shall travel in the cheapest accommodation in the class prescribed; provided that if the circumstances of a case so warrants, the Commissioner may authorise the policeman to travel in a more expensive grade; provided further that the Commissioner may, in his sole discretion, travel in any grade.

(e) If a policeman for whom second class travel by boat is prescribed is required to travel on a boat which has only first class and cabin class or first class and tourist class accommodation available, such policeman shall travel cabin class or tourist class, as the case may be. If only first class accommodation is available, the policeman may travel first class.

(f) A junior member of the Force travelling on duty with a senior member or high ranking personage may be permitted, in the discretion of the Commissioner, to travel in the same class as the senior member or personage.

(6) All claims for reimbursement of transport expenses shall be submitted on a form approved by the Commissioner."

**Regulation 19.—Delete the whole and substitute:—**

"19. (1) (a) A policeman who retired on account of superannuation; and

(b) A policeman whose services terminate as a result of—

(i) discharge owing to ill-health occasioned without own default or discharge owing to failing powers;

(ii) discharge owing to the attainment of the pensionable age or on the ground of advanced age;

(iii) discharge owing to redundancy, abolition of office, termination of engagement, or re-organisation, may be granted conveyance at State expense for himself, his household and his personal effects to the place in the Union or South West Africa where he wishes to reside.

(2) The items of expenditure which may be admitted as a charge against public funds shall be the following, subject to the conditions and limitations laid down in Regulations 17 and 19, and provided they are incurred not earlier than 90 days prior to and not later than 90 days subsequent to the policeman's last day of service:—

(a) Cost of conveying the ex-policeman and his household and excess of luggage from his place of residence to the place where he intends to reside;

(b) cost of packing and conveying his personal effects from his place of residence or a warehouse to the place where he intends to reside or to a warehouse at that place or in the vicinity; provided that if the personal effects are conveyed to a warehouse, no expenditure from public funds shall be incurred in its subsequent removal to his place of residence; provided that in exceptional cases the Commissioner may approve of the privilege allowed by this regulation being extended beyond ninety days from the last date of service.

(3) The provisions of this regulation are not applicable if a policeman leaves the Force for one of the following reasons:—

(a) Discharge by purchase;

(b) discharge owing to misconduct;

(c) *Per boot.**Blanke polisiemanne.*

(i) Offisiere en hoofkonstabels: Eersteklas.

(ii) Sersante en konstabels: Tweedeklas.

(d) Indien akkommodasie in 'n klas op 'n boot in verskeie grade verdeel is, moet die polisieman van die goedkoopste akkommodasie in die voorgeskrewe klas gebruik maak; met dien verstande dat as die omstandighede van 'n geval dit regverdig, die Kommissaris die polisieman kan magtig om in 'n duurder graad te reis; met dien verstande verder dat die Kommissaris na goeddunke in enige graad kan reis.

(e) Indien van 'n polisieman vir wie daar voorgeskryf is dat hy in die tweedeklas per boot moet reis, vereis word dat hy met 'n boot moet reis wat slegs eersteklas- en kajuitklas- of eerste-klas- en toeristeklasakkommodasie beskikbaar het, moet so 'n polisieman in die kajuitklas of toeristeklas, al na die geval mag wees, reis. Indien slegs eersteklasakkommodasie beskikbaar is, kan die polisieman in die eersteklas reis.

(f) 'n Junior lid van die Mag wat saam met 'n senior lid of hooggeplaaste persoon in diens reis, kan, na goeddunke van die Kommissaris, toegelaat word om in dieselfde klas as die senior lid of persoon te reis.

(6) Alle eise vir terugbetaling van uitgawes ten opsigte van vervoerkoste moet ingedien word op 'n vorm wat deur die Kommissaris goedgekeur is."

**Regulasie 19.—Skrap in die geheel en vervang dit deur die volgende:—**

"19. (1) (a) Aan 'n polisieman wat by bereiking van die ouderdomsgrens aftree, en

(b) aan 'n polisieman wie se dienste ten einde loop as gevolg van—

(i) mediese ongeskiktheid wat sonder sy eie toedoen veroorsaak is of ontslag weens afnemende kragte;

(ii) bereiking van pensioenleeftyd of op grond van gevorderde ouderdom;

(iii) oortolligheid, afskaffing van pos, beëindiging van diens, of reorganisasie;

kan vervoer vir homself, sy huishouding en sy persoonlike besittings na 'n plek in die Unie of Suidwes-Afrika waar hy begerig is om te woon op staatskoste toegestaan word.

(2) Onderstaande is die uitgawe-items wat uit staatsfondse bestry kan word, behoudens die voorwaardes en beperkings voorgeskryf by regulasies 17 en 19, en mits dit nie eerder dan 90 dae voor en nie later as 90 dae na die polisieman se laaste dag van diens aangegaan word nie—

(a) vervoerkoste van die oudpolisieman en sy huishouding en oorgewigbagasie vanaf sy tuiste na die plek waar hy hom gaan vestig;

(b) verpakkings en vervoerkoste van sy persoonlike besittings vanaf sy tuiste of 'n opbergingsplek na die plek waar hy hom gaan vestig of na 'n opbergingsplek op sodanige plek of in die nabyligheid daarvan; met dien verstande dat indien die persoonlike besittings na 'n opbergingsplek vervoer word, geen uitgaaf uit staatsfondse aangegaan mag word by die latere verwydering daarvan na sy woning nie; met dien verstande dat die Kommissaris in buitengewone gevalle die voorreg deur hierdie regulasie verleen, kan verleng tot meer as negentig dae vanaf die laaste dag van diens.

(3) Die bepalinge van hierdie regulasie is nie van toepassing indien die polisieman die Mag weens een van die volgende redes verlaat nie:—

(a) Uitkoping;

(b) oneervolle ontslag;

(c) abscondence;

(d) discharge owing to ill-health occasioned through own default.

(4) A policeman who has been discharged on attaining the pensionable age and who is, without a break of service, re-employed in a temporary capacity may be granted the privileges prescribed by and under this regulation when his services are finally terminated or when he resigns such temporary employment.

(5) The household and personal effect of a policeman who dies whilst in government employment, may be conveyed at State expense to any place within the Union and South West Africa subject to the provisions of paragraph (1) and (2) of this regulation which will apply *mutatis mutandis* to such conveyance.

The provisions of this paragraph are applicable to the household and personal effects of an ex-policeman who dies whilst in temporary employment continuous with his permanent service.

(6) In this regulation the terms 'household' and 'personal effects' will have the same meaning as defined in regulation 17 (1)."

(c) drostery;

(d) mediese ongeskiktheid deur sy eie toedoen tweegebring.

(4) Aan 'n polisieman wat by bereiking van die pensioenleef tyd aftree en wat in tydelike hoedanigheid herindiensgeneem word, sonder onderbreking van diens, kan die voorregte voorgeskryf by hierdie regulasie verleen word wanneer sy dienste finaal beëindig word of wanneer hy uit sodanige tydelike diens bedank.

(5) Die huishouding en persoonlike besittings van 'n polisieman wat te sterwe kom terwyl hy nog in regeringsdiens is, kan op staatskoste na enige plek binne die Unie en Suidwes-Afrika vervoer word behoudens die bepalinge van paragrawe (1) en (2) van hierdie regulasie wat *mutatis mutandis* op sodanige vervoer van toepassing sal wees.

Die bepalinge van hierdie paragraaf is van toepassing op die huishouding en persoonlike besittings van 'n oud-polisieman wat te sterwe kom terwyl hy in tydelike diens is deurlopend met sy vorige permanente diens.

(6) Die uitdrukkings, huishouding' en, persoonlike besittings' soos in hierdie regulasie gebesig, het dieselfde betekenis as in regulasie 17 (1) omskryf."

DEPARTMENT OF PRISONS.

\* No. 1875.] [19 October 1956.

His Excellency the Governor-General has been pleased, by virtue of the powers vested in him by section six (1) of the Prisons and Reformatories Act, 1911 (Act No. 13 of 1911), as amended, to appoint the undermentioned officials, with effect from the 1st October, 1956, in the posts as indicated hereunder:—

1. *As Superintendents of Prisons, Grade I.*  
Jan Georg van Zyl.  
Gert Cornelius Nel.  
Daniel Frederick Jacobus Minnaar.
2. *As Superintendents of Prisons, Grade II.*  
Christoffel du Toit.  
Johannes Hendrik Burger.  
Jacobus Martinus Pretorius.  
Floris Johannes Christiaan Coetzee.  
Casparus Johannes Bosman Brink.  
Matthys Johannes Nel.
3. *As Assistant Superintendents of Prisons.*  
Pieter Christiaan du Toit.  
Pieter Gideon van Aardt.  
Wynand Frederik Albertus Bezuidenhout.  
Johan Wilhelm Germishuis.  
Hendrik Albertus Steyn.  
Willem Frederik Steinberg.
4. *As Acting Assistant Superintendents of Prisons.*  
Abraham Lodewikus van Wyk.  
Ockert Johannes Jonathan Botha.  
Jacob Abraham Stefanus Erasmus.  
Louis Petrus Fourie.

DEPARTMENT OF LANDS.

\* No. 1882.] [19 October 1956.

WITHDRAWAL OF AN ADVERTISED HOLDING.

Notice is hereby given for general information that the holding comprising Portion 9, known as Seekoeigat, of the farm Tenbosch No. 234, situate in the District of Barberton, and advertised in Government Notice No. 1702 of 14th September, 1956 (*Government Gazette Extraordinary* No. 5741 of the same date), as available for lease for a period of five years without the option to purchase or extend the lease period, is hereby withdrawn from allotment.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE.

\* No. 1875.] [19 Oktober 1956.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel ses (1) van die Wet op Gevangenis en Verbetergestichten, 1911 (Wet No. 13 van 1911), soos gewysig, ondergenoemde amptenare met ingang van 1 Oktober 1956 in die poste soos hieronder aangedui, aan te stel:—

1. *As Bestuurder van Gevangenis, Graad I.*  
Jan Georg van Zyl.  
Gert Cornelius Nel.  
Daniel Frederick Jacobus Minnaar.
2. *As Bestuurders van Gevangenis, Graad II.*  
Christoffel du Toit.  
Johannes Hendrik Burger.  
Jacobus Martinus Pretorius.  
Floris Johannes Christiaan Coetzee.  
Casparus Johannes Bosman Brink.  
Matthys Johannes Nel.
3. *As Assistent-bestuurders van Gevangenis.*  
Pieter Christiaan du Toit.  
Peter Gideon van Aardt.  
Wynand Frederik Albertus Bezuidenhout.  
Johan Wilhelm Germishuis.  
Hendrik Albertus Steyn.  
Willem Frederik Steinberg.
4. *As Waarnemende Assistent-bestuurders van Gevangenis.*  
Abraham Lodewikus van Wyk.  
Ockert Johannes Jonathan Botha.  
Jacob Abraham Stefanus Erasmus.  
Louis Petrus Fourie.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

\* No. 1882.] [19 Oktober 1956.

TERUGTREKKING VAN 'N GEADVERTEERDE HOEWE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die hoeve wat bestaan uit Gedeelte 9, genoem Seekoeigat, van die plaas Tenbosch No. 234, geleë in die distrik Barberton, en in Goewermentskennisgewing No. 1702 van 14 September 1956 (*Buitengewone Staatskoerant* No. 5741 van dieselfde datum), geadverteer is as beskikbaar vir huur vir 'n tydperk van vyf jaar sonder die opsie om te koop of die huurtermyn te verleng, hierby van toekenning teruggetrek word.



DEPARTMENT OF FINANCE.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

\* No. 1883.] [19 October 1956.  
CUSTOMS TARIFF GUIDE.

\* No. 1883.] [19 Oktober 1956.  
DOEANETARIEFGIDS.

The following amendments and additions to the 1950  
Tariff Guide are hereby published for general informa-  
tion:—

Onderstaande wysigings van en byvoegings by die  
Doeanetariefgids vir 1950 word hierby vir algemene  
inligting gepubliseer:—

TARIFF CLASSIFICATION LIST No. 79.

AMENDMENTS.

Page No.	Particulars.	Tariff No.	Statistical Requirements.	
86	Bunsprice a la Greque, ground dry.....	Delete Insert	41 (a) (ii) 41 (a) (iii)	— —
134	Cisterns, complete with ball valves, etc.: Substitute for— Earthenware.....		167	No.
	the following— Earthenware, including porcelainware.....		167	No.
142	Cloth (see also Cloths)—(continued)— Oil— not being floor cloth.....	Delete Insert	72 72 (a) (ii)	— —
	when imitation leather.....	Delete Insert	72 72 (a) (i)	— —
	Delete— Oil, shelf drops or shelving, in the piece with serrated edging.....		72	—
362	Leather—(continued)— Imitation.....	Delete Insert	72 72 (a) (i)	— —
	Substitute for Notes (1) and (2) appearing under this heading the following— Note.—Imitation leather is for customs tariff classification purposes a woven fabric which has been coated with a preparation and grained, japanned, or sueded to give it the appearance of leather in its natural or artificially grained or finished state.			
	Substitute for— Belt cloth; leather cloths similar to oil cloths, in any colour, etc.....		72	—
